

# KOERSVAS

Jaargang 2      Uitgawe 30    13 Desember 2013


In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Nuusbrogkies

Verklaring

Kennisgewings



## REDAKSIONEEL

### Tyd om tot verhaal te kom

Aan die einde van 'n gebeurtenisvolle jaar is dit sinvol om 'n oomblik stil te staan en terug te kyk, al is dit net om te kan sien hoeveel dinge werklik verander het. Aan die begin van 2013 was daar basies 'n paar gemeentes wat hulself onafhanklik verklaar het. Baie gemeentes en ampsdraers het uitgesien na die AKV en verwag dat alles by die vergadering reggestel sal word. Wat het in hierdie jaar gebeur?

\* Die eerste uitgawe van Lewensbrood het in rekordtyd van twee weke beslag gekry en lidmate het telkens deur die jaar met groot waardering verwys na die Lewensbrood van 2013. Die tweede uitgawe (Februarie 2014-Januarie 2015) van hierdie boek vol oordenkings vir elke dag kan nou reeds by Meyerspark afgehaal word. Hierdie Lewensbrood het toegevoegde waarde met oordenkings vir besondere situasie, asook inligting oor die outeurs en GHG gemeentes. Die eerste momentum is met ander woorde behou en in geloofsvertroue verder gevoer.

\* By die eerste sH byeenkoms het die Selfstandige gemeentes besluit om 'n Bond in die lewe te roep. Vir die daaropvolgende paar maande is daar besin oor die struktuur, naam en werkswyse. Die historiese eerste Bondsvergadering het in Julie 2013 onder leiding van dr. Andre Botma te Tuine byeen gekom en die Geloobsbond van Hervormde gemeentes (GHG) het tot stand gekom. Die Geloobsbond het intussen aangegroei tot 25 gemeentes, met 'n hele klomp gemeentes wat aangedui het hulle is op pad. Die menslike kommer dat die snelle groei nie hanteerbaar gaan wees nie, sal ons nie verhinder van almal verwelkom nie. Met geloof, vertroue en harde werk sal ons die wa deur die drif kry, ons geskiedenis wys ons kan.

\* Die mediakomitee se harde werk blyk ook uit die steun wat daar is vir ons Bakkiesblad, asook die groei van 'n eie webwerf; [www.steedshervormers.co.za](http://www.steedshervormers.co.za). Die nuutste toevoeging, naamlik MP3 grepe met hele eredienste op, beteken dat lidmate nêrens in die wêreld sonder sH teologie hoef te wees nie en dat

enkelinge en gesinne saam na 'n erediens kan luister. Skakel daarheen; <http://www.steedshervormers.co.za/preke>

Die hartseer is dat die aantal dreigende hofsake teen ons gegroei het, meestal omdat die KommAKV besluit het om met litigasie te begin, dit terwyl hulle aanvanklik oral verkondig het; "gelowiges gaan nie Howe toe nie".

Die AKV het gekom en het ten spyte van pleitdooie, het die afgevaardigdes besluit op 'n hardhandige hantering van sH en Bondslidmate. Ten minste weet almal nou wat is die nuwe rigting van die nuwe NHKA.

Die emosionele wipplank van 2013 het ons almal uitgeput. Die goeie gebeurtenisse het ons harte laat jubel, en die gemene optredes het ons harte laat krimp. Ons harte het nou rus en vrede nodig. Vakansie en die Christusfees kan ons weer met nuwe ywer die toekoms laat aandurf. 'n Geseënde Christusfees word almal toegebid.

## NUUSBROKKIES

- Koster gemeente het met hartseer afskeid geneem van Ds Johann Mouton. Weens mediese redes moes hy homself laat losmaak van die gemeente. Ons bid hom, Catherine en die twee kleingoed alle voorspoed toe. Koster gemeente sal teen einde Januarie 2014 beroep. Die belangstelling van buite is opvallend.

- Die dreigemente van 'n onbestrede hofaansoek in Mafikeng was toe niks anders as 'n poging tot emosionele teistering en manipulasie nie. Die saak sal vroeg in 2014 aangehoor word, maar nie in die onbestrede hof nie.

- Die Kuratorium se werk begin momentum kry en verskeie aankondigings sal vroeg in 2014 gemaak

word. Lidmate wat belangstel om teologie te studeer, moet kontak maak met ds Frans Oosthuizen. Ter wille van lidmate wat nie die vorige Koersvas ontvang het nie, herhaal ons die verklaring van die Kuratorium.

## Verklaring

Hiermee rig die kuratorium die volgende versoekoek:

### GEMEENTES

- 'n Gemeente wat onafhanklik geword het, besluit self wanneer hulle 'n aansoek rig om deel van die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes te word. So 'n gemeente rig 'n skrywe (e-pos) aan die Kuratorium. Sodanige gemeente se naam sal dan by monde van die Kuratorium ampelik openbaar gemaak word.

- Gemeentes rig ook 'n versoek tot die Kuratorium oor welke predikant hulle as leraar benoem en wie hulle as hul konsulent wil hê. Die Kuratorium sal met die betrokke predikant skakel en 'n aanbeveling aan die versoekende gemeente voorlê.

### PREDIKANTE

- Ampsdraers wat in die GHG werksaam wil wees, neem kennis dat die volgende tussentydse maatreël getref is ten opsigte van nuwe aansoekers: Alle emeriti en predikante van die NHKA wat weens hulle betrokkenheid by die steedsHervormers en GeloofsBond, of weens hulle ondertekening van die Staat van Belydenis deur die NHKA-leiding leed aangedoen is (emosioneel of finansieel), word versoek om hul aansoek en persoonlike inligting aan die Kuratorium deur te gee. Die Kuratorium stel hulle dan ampelik aan al die onafhanklike gemeentes bekend.

- Alle voornemende teologiese studente, en oud-predikante wat weer in die amp herstel wil word, kan die Kuratorium nader vir die nodige inligting.

ds Frans Oosthuizen

Voorsitter: Kuratorium

[ds.frans@imaginet.co.za](mailto:ds.frans@imaginet.co.za)

### BANKBESONDERHEDE:

- Lidmate wat wil bydra tot die betaal van die diensverskaffer (preke op internet by [www.steedshervormers.co.za](http://www.steedshervormers.co.za) ), of net wil bydra tot die Geloofsbond, moet kennis neem van die bankbesonderhede:

Naam: Geloofsbond van Hervormde Gemeentes  
Bank: Eerste Nasionale Bank van Suid Afrika (FNB)  
Rekeningnummer: 6243 092 3088  
Tak: Pretoria Noord  
Takkode: 250 655

### KENNISGEWINGS

- Lewensbrood 2014 - Baie dankie aan die redaksie en die drukkers. Daar is ekstra eksemplare gedruk. U kan u bestellings gaan afhaal by Meyerspark. Hierdie is die ideale kersgeskenk vir geliefdes. Indien u nie bestel het nie, skakel met Yvette 072 223 7522.

### VAKANTE STANDPLAAS

#### HERVORMDE GEMEENTE KOSTER

Hiermee gee die Kerkraad van die Hervormde Gemeente **Koster** kennis dat die standplaas vakant is vanaf

**1 Januarie 2014**

Aansoeke van predikante uit die Susterskerke wat hul **vereenselwig** met die standpunte van die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes word versoek om aansoek te doen vir die pos.

Aansoeke kan gestuur word na:

E-pos [alicesmit@mailoffice.co.za](mailto:alicesmit@mailoffice.co.za)


of gepos word na Posbus 368  
Koster  
0348

**ALLE AANSOEKE SAL HOOGS**

**VETROULIK HANTEER WORD.**

Aansoeke sluit om 24H00 uur op die

**31 Januarie 2014**



Stuur asb. u kennisgewings en nuusbrokkies na [j.otto@telkomsa.net](mailto:j.otto@telkomsa.net); of na [admin@steedshervormers.co.za](mailto:admin@steedshervormers.co.za); vir opname in die volgende Koersvas.